higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

13 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Vetsugtige kinders staan die gevaar om 'n aantal toestande op te doen, insluitende ...

A swak sig.
B hartsiektes op 'n vroeë ouderdom. oorvoeding.
C hoofpyne.
D

1.1.2 Persoonlike sorg tydens 'n swangerskap sluit ... in.

A immunisering en inenting
B oormatige gewigstoename
C nageboortlike depressie
D borste en tepels

1.1.3 'n Belangrike funksie van ons bene is om ...

A ons interne organe teen beserings te beskerm.
B willekeurige spierbeweging te beheer.
C afgeleefde rooibloedselle af te breek.
D impulse of boodskappe na en van die brein te stuur.

1.1.4 EEN rede om die baba onmiddellik te speen, kan ...

A koliek en winde wees.
B die weiering om 'n bottel te drink wees.
C min slaap tydens voedings wees.
D wees dat die baba 'n gesplete lip of verhemelte het.

1.1.5 Deur vingerkos te eet, leer kinders die volgende vaardighede aan:

A Sosiale vaardighede
B Fynspierkoördinasie
C Grootspierkoördinasie
D Tafelmaniere

1.1.6 Die hooffunksie van die hart is om ...

A gal af te skei en vertering aan te help.
B water saam met suurstof deur die liggaam te vervoer.
C bloed deur die liggaam te pomp.
D hormone af te skei.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Infeksies kom moontlik voor weens ...

A verkoelde, uitgemelkte borsmelk.
B die vloei van melk van die tepel af.
C die feit dat kookwater gebruik word.
D ’n verkeerde konsentraat van die steriliseeroplossing wat gebruik word.

1.1.8 Enige ongewone simptome wat die swanger vrou kan ervaar en waarop mediese personeel se aandag gevestig moet word, sluit ... in.

A die abnormale afskeiding van bloed
B ’n verhoogde frekwensie van urinepassering
C donker verkleuring om die areola
D klein hoeveelhede vloeistof wat uit die bors uitlek

1.1.9 Om van badtyd ’n genotvolle tyd vir die baba te maak, kan die dagsorgfasiliteerder ...

A vingerkos aan die baba gee om hom/haar besig te hou.
B badspeelgoed wat dryf, water kan uitgooi of kan sink, in die bad sit.
C alle juweliersware verwyder wat die baba kan krap of beseer.
D die baba met die bottel voed aangesien hy/sy gaan begin skreeu.

1.1.10 Anemie weens ystergebrek word deur ... veroorsaak.

A te min yster in die dieet
B te veel yster in die dieet
C ’n verhoogde inname van mieliemeel
D ’n dieet wat ryk aan vitamine C is

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die toestand van volkome fisieke, geestes- en sosiale welstand, en nie bloot die afwesigheid van siekte of ongesteldheid nie	A	onmiddellike spening
1.2.2	Die passering van gereelde en los stoelgange	B	vermaering
1.2.3	Gevolg van ’n ongebalanseerde dieet en onvoldoende inname van voedingstowwe	C	gesondheid
1.2.4	Eenvoudige prosedure wat behels dat die baba voor en ná ’n voeding geweeg word	D	diaree
1.2.5	Om die baba dadelik van die bors weg te neem en borsvoeding deur bottelvoeding te vervang	E	wanvoeding
		F	toetsweging

(5 × 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Laat die baba sonder ’n doek lê om vrylik te skop en die vars lug te geniet.

1.3.2 Om ’n baba op sy/haar maag neer te lê, verhoog die risiko van wiegiedood.

1.3.3 ’n Vitamine D-tekort kom meer algemeen voor in lande waarin mense aan sonlig blootgestel word.

1.3.4 Melk moet saam met vleis of ander voedselprodukte geberg word aangesien dit besmetting tot gevolg kan hê.

1.3.5 Giftige gasse en besoedeling in die lug wat deur motors, fabrieke, rook, ens., veroorsaak word, kan tot longprobleme by kinders lei.

1.3.6 Die term 'reukorgaan' het betrekking op die sensasie om tekstuur en temperatuur te voel.

1.3.7 Die dagsorgfasiliteerder moet goeie higiënegewoontes by kinders kweek soos dat hulle hul oë moet bedek wanneer hulle nies.

Kopiereg voorbehou

1.3.8 Fisiese, sosiale, emosionele, morele en seksuele faktore is aspekte wat alles tot ’n kind se ontwikkeling meewerk.

1.3.9 Aambeie is vergrote en verstopte spatare van die bene wat weens oorverhitting van die liggaam ontstaan.

1.3.10 Waterdigte broekies is nodig wanneer weggooibare doeke gebruik word.

1.3.11 Babaklere moenie harde of dik nate hê wat die baba kan krap nie.

1.3.12 Vir higiëniese doeleindes moet ’n swanger moeder ’n tandeborsel met sagte borselhare gebruik, gereeld vlos en haar tandvleise masseer.

1.3.13 In die eerste twee jaar van ’n kind se lewe word moeders altyd aangemoedig om klere, wat ’n nommer te groot is vir hul kind, te koop aangesien dit vir liggaamsgroei voorsiening maak.

1.3.14 Oggendnaarheid in die vroeë weke van swangerskap kan deur ’n vaginale afskeiding veroorsaak word.

1.3.15 ’n Warmte-uitslag kan behandel word deur een of twee eetlepels koeksoda oor die badwater te sprinkel.

(15 × 1) (15)

1.4 Gee EEN woord/term vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

natuurlike speenproses; steriliseermiddel; amenorree; veiligheidsgreep; immunisering; fisiologie; werpbraking; dagsorgsentrum; tifus; toedraaiing; bevrugting; pureevoedsel; sterilisering; stutvoeding; gehidroliseerdeproteïen-formulemelk; kaseïen

1.4.1 Die baba se nek en kop word deur jou voorarm gestut, met die een hand wat die baba se arm stewig vashou terwyl die ander hand tussen die baba se bene geplaas word.

1.4.2 ’n Meer ontspanne skedule waarvolgens die baba geleidelik oor ’n tydperk van vier weke aan bottelvoedings bekendgestel word

1.4.3 ’n Infeksie wat veroorsaak word deurdat daar met kieme in menslike ontlasting in aanraking gekom is

1.4.4 Die studie van hoe liggaamsorgane en -strukture funksioneer

1.4.5 Formulemelk wat spesiaal ontwerp is vir babas met ’n allergie of onverdraagsaamheid vir koeimelk

1.4.6 Wanneer die baba met ’n sterk stroom braak

Kopiereg voorbehou

1.4.7 Die proses waarvolgens mikroörganismes of kieme deur middel van chemiese agense of deur indompeling in kookwater uit artikels of toerusting verwyder word

1.4.8 Om ’n menstruasietyd oor te slaan, wat dan oor die hele swangerskap heen duur asook terwyl daar geborsvoed word

1.4.9 Die plek waarby daar na babas, kleuters en klein kinders omgesien word en waar hulle van ’n stimulerende en opvoedkundige program voorsien word

1.4.10 Om ’n baba styf in ’n tjalie of kombers toe te maak

1.4.11 Die proses waarvolgens medikasie gebruik word om die baba teen bepaalde siektes te beskerm

1.4.12 ’n Vervaardigde chemikalie, in poeier- of vloeistofvorm, wat kieme vernietig

1.4.13 Voedsel met ’n uiters gladde tekstuur wat verkry is deur die voedsel deur ’n sif te druk, deur te giet of te meng

1.4.14 Om ’n baba met ’n bottel te voed terwyl die baba op ’n kussing of ander sagte artikel rus

1.4.15 ’n Nuwe lewe begin in hierdie stadium.

(15 × 1) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Verduidelik die stappe wat jy kan volg as ’n baba by jou dagsorgsentrum koliek het. (7)

2.1.2 Verduidelik hoe jy ’n klein baba sal bad:

(a) Voorbereiding vir die baddery (5)
(b) Hoofstappe om die baba te bad (7)

2.1.3 Noem VYF tekens dat ’n baba wat geborsvoed word, nie genoeg melk inkry nie. (5)

2.1.4 Party babas kan negatief op sommige voedselsoorte reageer.

Noem VYF algemene voedselallergieë. (5)

2.2 Immunisering is van kardinale belang in die kleinkinderjare. Verduidelik hierdie stelling. (6)

2.3 Bespreek VYF dinge wat ’n swanger vrou tydens haar swangerskap moet vermy. Verduidelik waarom in jou bespreking. (5 × 2) (10)

2.4 Noem VYF strukture van die interne manlike geslagsorgaan. (5)

[50]

VRAAG 3

3.1 As dagsorgfasiliteerder wil jy graag goeie higiënepraktyke implementeer.

Stel VYF gewoontes voor wat kinders moet aankweek ten einde die verspreiding van siektes te verhoed. (5)

3.2 Gee DRIE soorte instrumente wat gebruik kan word om ’n kind se temperatuur te meet. (3)

3.3 Onderskei tussen *passiewe immuniteit* en *aktiewe immuniteit* (2 × 2) (4)

3.4 Verduidelik SEWE stappe wat gevolg kan word wanneer ’n baba se doek geruil word. (7)

3.5 Voorsien moontlike plaasvervangers/alternatiewe vir die algemene voedselallergieë wat hier onder genoem word.

3.5.1 Melk en melkprodukte

3.5.2 Voedselkleursels en preserveermiddels

3.5.3 Mielies

3.5.4 Suiker

3.5.5 Eiers

(5 × 1) (5)

3.6 Verduidelik kortliks die hoofproses wat by elkeen van die DRIE kraamstadiums betrokke is. (3 × 2) (6)

3.7 Talle swanger moeders stel hulleself bloot deur vir 'twee' te eet. Verduidelik die gevaar van oormatige inname van kos tydens swangerskap. (4)

3.8 Noem TWEE siektes wat deur ouers se gene aan ’n kind oorgedra kan word. (2)

Kopiereg voorbehou

3.9 Voedingstowwe is nodig om die liggaam op te bou. Gee EEN funksie en EEN bron van die voedingstowwe wat in die tabel hier onder getoon word. (6)

VOEDINGSTOF	FUNKSIE	BRON
Kalsium	(1)	(1)
Yster	(1)	(1)
Proteïen	(1)	(1)

3.10 Bespreek TWEE maniere waarop siektedraende organismes die vel kan binnedring. (2 × 4) (8)
[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die rol van 'n gesondheidspan. (2)

4.2 Verduidelik DRIE veiligheidsfaktore wat in gedagte gehou moet word wanneer ’n baba uit ’n wiegie opgetel word. (3 × 2) (6)

4.3 4.3.1 Noem TWEE bykomende artikels wat jy nodig het wanneer jy van handdoekstofdoeke gebruik maak. (2)

4.3.2 Noem TWEE uitwerkings wat nieafbreekbare doeke op die omgewing het. (2)

4.3.3 Buiten dat dit ’n bedreiging vir ons omgewing inhou, bespreek DRIE ander nadele van weggooibare doeke. (3 × 2) (6)

4.4 4.4.1 Noem DRIE sosio-ekonomiese faktore wat ’n negatiewe uitwerking op ’n kleuter se ontwikkeling kan hê. (3)

4.4.2 Bespreek hoe die DRIE sosio-ekonomiese faktore, wat in VRAAG 4.3.1 aangedui is, ’n kleuter se ontwikkeling sal beïnvloed. (3 × 2) (6)

4.4.3 Wat is die verskil tussen *kwarantyn* en *isolasie*? (2)

4.5 Gee en verduidelik VYF redes dat dokters kies om ’n keisersnee as geboortemetode te gebruik. (5 × 2) (10)

4.6 Noem TWEE instrumente wat dokters gebruik om te help dat die kop van die baba tydens ’n natuurlike geboorte na buite beweeg. (2)

4.7 Noem DRIE funksies van die neusholte. (3)

4.8 Verduidelik hoe jy babaklere van wol moet was. (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou